DOEANETARIEFBESKERMING OP MISSTOWWE — 'N SIENING VAN DIE BEDRYF

G C H VENTER, Misstofvereniging van SA

Inleiding

Doeanetariefbeskerming, met of sonder ondersteunende beskermingsmaatreëls, word reeds ononderbroke sedert die tweede wêreldoorlog in Suid-Afrika toegepas. Dit was trouens een van die pilare waarop 'n strategiese en invoeronafhanklike kunsmisbedryf in die Republiek gevestig kon word. Beskermingsmaatreëls het oor die jare egter baie veranderings ondergaan, soms as gevolg van veranderinge in regeringsbeleid, veranderde omstandighede in die misstofbedryf, die breër ekonomie of die wêreldhandel. Onlangse gebeure in die wêreldhandel van kunsmis, en 'n feitlik gelyktydige klemverskuiwing in regeringsbeleid ten opsigte van tariefbeskerming, het 'n kritiese evaluering van laasgenoemde dringend noodsaaklik gemaak.

Historiese agtergrond van owerheidsbeheer oor die kunsmisbedryfstak

Tariefbeskerming is slegs een instrument wat die owerheid kan gebruik om beheer oor 'n bedryfstak uit te oefen. Dit kan dus nie in isolasie beoordeel word nie. Hoewel hierdie referaat hoofsaaklik handel oor doeanetariewe as 'n beheermaatreël, is 'n verwysing na ander maatreëls nodig ter wille van perspektief.

Met die uitbreek van die tweede wêreldoorlog is *prysbeheer* ingestel — aanvanklik as 'n oorlogsinstrument (Greeff, 1983), maar later as 'n middel om inflasie te bekamp en om pryse in bedwang te hou. Prysbeheer is op 31 Desember 1983 afgeskaf op aanbeveling van die Pistorius-komitee van Ondersoek (1981) wat bevind het dat prysbeheer nie 'n effektiewe metode is om pryse op 'n redelike vlak te hou nie.

Kwantitatiewe (invoer)beheer is die eerste keer in 1942 ingestel; aanvanklik as 'n instrument om kunsmisrantsoenering te bewerkstellig, maar later om invoer van kunsmis te beperk. Invoerbeheer het onteenseglik bygedra tot die skep van 'n gunstiger beleggingsklimaat, besparing van buitelandse valuta en 'n groter benutting van plaaslike grondstowwe, onderdele en bedryfstoerusting. Die Komitee van Ondersoek na die kunsmisbedryfstak (1981) het egter die aanbevelings van die Mededingingsraad (1977) ondersteun, naamlik dat invoerbeheer uitgefaseer behoort te word en vervang moet word met 'n nuwe tariefstruktuur. Faktore wat tot die verandering in owerheidsbeleid aanleiding gegee het, was onder andere die volgende:

- invoerbeheer is teen die gees van die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel (AOTH);
- dit bevorder monopolievorming;
- dit bevorder bedrywe met 'n hoër koste as wat andersins die geval sou gewees het, en
- dit bevorder die oprigting van onekonomiese nywerhede (Greeff, 1983).

Produkbeheer word uitgeoefen onder Wet 36 van 1947 (die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Landboumiddels en Veemiddels). Hoewel ander beheermaatreëls sedert die begin van die dekade drasties gewysig is in ooreenstemming met die regering se verklaarde beleid van 'n vryer en meer markgerigte ekonomie, plaas Wet 36, en regulasies wat onder die wet gepromulgeer is, vry ernstige beperkings op die beginsels van vrye onderneming (Greeff, 1983). In alle billikheid moet egter ook verklaar word dat die wetstoepassing, sover die bestaande regulasies dit toelaat, tot 'n groot mate in ooreenstemming geskied met groter ondernemingsvryheid en skerper mededinging.

Tariefbeskerming is 'n sterk wapen in die hande van enige regering om rigting te gee aan industriële groei en ontwikkeling, en om ontwrigtende mededinging uit die buiteland te beperk. Afgesien van die ooglopende inkomstevoordeel vir die staat, is dit terselfdertyd 'n instrument wat, wanneer sinvol toegepas, die markmeganisme die minste versteur. Dit vorm egter dikwels ook die spil waarom verskillende belangegroepe mekaar die stryd aansê. Tot betreklik onlangs was daar geen tariefbeskerming op finale afstroomprodukte nie, maar wel op sekere grondstowwe (Greeff, 1983). So byvoorbeeld was swaelsuur, salpetersuur en fosforsuur jare lank gebind onder die AOTH teen 'n tarief van 15 persent. Ammoniak het sedert 1972 ook 'n verhoogde beskerming van 25c/kg min 100 persent van die VAB-prys geniet. Die beskerming op grondstowwe is egter in 1983 afgeskaf. Tot en met 1980 was die meeste misstowwe doeanevry gebonde onder die AOTH, maar tariefbeskerming het in 1980 moontlik geword ná onderhandeling met AOTH. Na aanleiding van vertoë van die Misstofvereniging het die Raad van Handel en Nywerheid (RHN) in 1980 'n verslag oor tariefbeskerming op misstowwe vrygestel. Op grond hiervan het die owerheid in 1981 'n *ad valorem* reg van 15 persent op die belangrikste tipes kunsmis ingestel. Hierdie tarief is verder gestut deur kwantitatiewe invoerbeheer. In die praktyk het die beskerming nie gegeld nie, aangesien feitlik alle kunsmis in 1981 en 1982 ingevoer is met korting van die reg terwyl invoerpermitte vrylik toegestaan is. Onlangse verslae van die RHN (2248 van 1983 en 2476 van 1986) verteenwoordig belangrike mylpale in die ontplooiing van die owerheid se tariefbeskermingsbeleid en sal ek later in die referaat weer na dié verslae verwys.

Tendense in wêreldhandel van kunsmis

Ten einde die toereikendheid van die huidige tariefbeleid te beoordeel word, ter wille van 'n breër perspektief, die aandag gevestig op onlangse tendense in die wêreldhandel van kunsmis.

Verskuiwing in wêreldvervaardigingskapasiteit

Totale wêreldproduksie van die drie primêre plantvoedingstowwe (itv N, P_2O_5 en K_2O) het die 140 miljoen ton kerf in 1984/85 bereik, teenoor 'n verbruik van 131 miljoen ton (FAO, 1986). Die groei in produksie het gedurende die voorafgaande twee jaar vinniger toegeneem as die verbruik; 'n faktor wat ook bygedra het tot die daling in uitvoerpryse van meeste kommoditeite in 1986. Volgens FAO statistiek (1986) het daar 'n betekenisvolle verskuiwing in vervaardigingskapasiteit sedert 1970/71 plaasgevind. Die grootste verskuiwing het plaasgevind met betrekking tot stikstof. Figuur 1 toon dat stikstofvervaardigingskapasiteit van die ontwikkelde lande in 1990/91 slegs 'n derde van die wêreldkapasiteit sal verteenwoordig, terwyl dit byna twee derdes van wêreldkapasiteit in 1970/71 bedra het. Ofskoon die ureumvervaardigingskapasiteit voldoende is om aan die wêreldaanvraag tot die jaar 1990 te voldoen, is die Sowjet-Unie steeds besig met grootskaalse vergroting van kapasiteit (Jaquir, 1986). Nuwe kapasiteit in die Sowjet-Unie en elders sal die oorvoorsiening- en prysprobleem vererger. Indien die nuwe kapasiteit egter vervaardigingskapasiteit in privaatbesit in die weste sou vervang, sou dit in ooreenstemming wees met die Sowjet-Unie se langtermyn politieke doelstellings (Jaquir, 1986). Hierdie verskuiwing in stikstofkapasiteit weg van die weste na die ontwikkelende en kommunistiese lande word feitlik uitsluitlik deur toename in ammoniak- en ureumproduksie verklaar. Dieselfde tendens geld ook vir fosfaat- en kaliumproduksie. Figuur 2 wys die tendens ten opsigte van al drie die elemente. Dit is duidelik dat die Oosbloklande nou 'n dominerende posisie in die wêreldhandel beklee wat hulle nie voorheen geniet het nie. Die ontwrigting in wêreldhandel van kunsmis — en veral ureum — die afgelope tyd is 'n direkte gevolg hiervan.



FIG 1. Die verandering in wêreld-misstofproduksie



FIG 2. Die verandering in wêreld-stikstofproduksie

Verandering in wêreldbemarkingspatrone

Die jongste beskikbare statistiek dui aan dat wêreldhandel in N, P_2O_5 en K_2O 43 miljoen ton of sowat 33 persent van die totale wêreldverbruik beloop het. Die bydrae van stikstof tot die totale wêreldhandel in 1984/85 het bykans 40 persent bedra (FAO, 1986). Die geweldige vergroting in stikstofvervaardigingskapasiteit in die Oosbloklande het grootliks bygedra tot dié lande se toenemende rol in wêreldhandel. So byvoorbeeld het die Sowjet-Unie se ureumvervaardigingskapasiteit tussen 1976/77 en 1985/86 feitlik verdubbel van 2,7 tot 5,2 miljoen ton. In dieselfde periode het sy ureumuitvoere vyfvoudig toegeneem van 300 000 ton N in 1976 tot 1,5 miljoen ton N in 1984 (Fertilizer International, 1987a). Soortgelyke syfers geld ook vir Roemenië, Bulgarye, Pole, Oos-Duitsland en ander Oosbloklande. Die toenemende rol wat dié lande in die wêreldhandel speel, word onder andere gemanifesteer deur ureuminvoere deur die VSA: In 1980 was slegs 8 persent van die VSA se ureuminvoere afkomstig van Oos-Europese lande; in 1985 het dit toegeneem tot 37 persent (Fertilizer International, 1987a). Een van die gevolge hiervan was die instelling van strawwe teendumping maatreëls aan die einde van 1986.

Dumping en ander ontwrigtende handelspraktyke

Ontwrigtende handelspraktyke vind plaas wanneer 'n produk te koop aangebied word teen pryse wat nie verband hou met vervaardigingskoste nie en wat gewoonlik laer is as die prys waarteen die produk in die land van oorsprong bemark word. Voorbeelde van ontwrigtende praktyke is dumping, subsidiëring van uitvoere, paniekverkope ten tye van surplusse en arbitrêre prysvasstelling in sosialistiese lande (Raad van Handel en Nywer-

heid, 1983). Dumping is die mees algemene vorm van ontwrigtende handelspraktyke en die vergeldingsaksies van die meeste lande is in die reël gemik teen dumping.

Dumping ondermyn die lewensvatbaarheid van die invoerland se plaaslike bedryf en lei tot die vermindering van werkgeleenthede en die sluit van aanlegte. Dit kan op die lang duur ook lei tot die totale ontwrigting en selfs die ontbinding van 'n hele bedryfstak. Die buitelandse vervaardiger, wat nie langer blootgestel is aan mededinging van die plaaslike bedryf nie, word dan in die geleentheid gestel om sy pryse te verhoog.

Met die opkoms van die Oosbloklande oor die afgelope dekade in die wêreldhandel het die term dumping egter 'n 'nuwe' betekenis gekry. Afgesien van die feit dat dié lande oor goedkoop voergas en arbeid vir kunsmisvervaardiging beskik, en deur die staat gesubsidieer word (Jaquir, 1986) moet dit ook in gedagte gehou word dat die primêre doel van handeldryf nie soseer gaan om die winsmotief en die skepping van nuwe kapitaal nie, maar eerder om die verdiening van waardevolle westerse valuta.

Die omvang en bekamping van ontwrigtende handelspraktyke in sommige oorsese lande

Wanneer voorbeelde van dumping aangehaal word, en die sukses al dan nie van die bekamping daarvan beoordeel word, is dit wenslik om die algemene handelsklimaat wat tans in die VSA heers, sover dit beskerming van plaaslike bedrywe betref, kortliks te skets.

In 1981 was ongeveer 25 persent van alle invoere in die VSA onderhewig aan een of ander vorm van beperking. Na raming beloop dié syfer tans 40 persent en die neiging tot groter beskerming is aan die toeneem (Time, 1987a). President Reagan het skynbaar toegegee aan druk vanuit die demokraat-beheerde kongres omdat sy vryer markgerigte beleid — Reaganomics — nie in staat was om die groeiende tekort op handelsbalans te stuit nie.

Die vloedgolf van handelsbeskerming dek 'n wye reeks produkte van staal tot mikrogeleiers en is gemik teen 'n ewe wye verskeidenheid VSA handelsvennote —

TABEL 1. Aansoeke om teen-dumping tariewe wat tans oorweging geniet of pas afgehandel is in sommige oorsese lande

Invoer (Teiken) land	Uitvoerland(e)	Tipe tarief aangevra	Vordering/Aksie	Algemeen
VSA	Sowjet-Unie, Roemenië Oos-Duitsland	Teen-dumping tariewe op ureum	Terugwerkende kontantdeposito gelykstaande aan dumping marge betaalbaar hangende 'n beslissing van owerheid	Wes-Duitsland en VK gebruik as surrogaatlande in ondersoek
Indië	Ongespesifiseer	Owerheid oorweeg 'n verbod op alle ureum en DAP invoere	–	–
Europese gemeenskap	Oosblok, Kuweit, Libië, Saoedi-Arabië, Trinidad, Tobago	Terugwerkende tariewe op invoere van ureum	Hangende 'n beslissing van EEG kommissie. Volgens onbevestigde berigte kan *ad valorem* tariewe van 11-57% ingestel word	Oostenryk gebruik as surrogaatland in ondersoek
Verenigde Koninkryk	Oosbloklande	Invoerkwotas op ureum	Invoerkwotas heringestel. Totale kwota toegelaat 68 5000 ton ureum	–
Kanada	Oosbloklande en Sowjet-Unie	Teen-dumping tariewe op ureum	Hangende	–
Republiek van Ierland	Oosbloklande	Invoerkwotas op ureum en KAN	Invoerkwotas, terugwerkend tot Januarie, 1987, ingestel	–
Europese gemeenskap	VSA	Teen-dumping tariewe aangevra op UAN oplossings	Hangende	–
Australië	VSA	Teen-dumping tariewe aangevra op MAP en DAP	Teen-dumping tariewe ingestel	–
VSA	Kanada	Teen-dumping tariewe op kaliumchloried	Hangende	–
Brasilië	Alle lande	–	Kwotabeperkings op alle invoere geldig vir 'n spesifieke periode	Maatreël genoodsaak deur tekort op handelsbalans

Bronne:

Fertilizer Focus, 1987. Wave of protectionism sweeps Western Economics. V4, no 1.
Fertilizer International, 1987. 242, 15 January.
Fertilizer International, 1987. 243, 29 January.
Fertilizer International, 1987. 244, 12 February.
Fertilizer International, 1987. 245, 26 February.
Fertilizer International, 1987. 247, 26 March.
Smith, M., 1986. The future of trade barriers. ***Fertilizer Focus*** *3; 9 October.*

Japan, Europese gemeenskapslande, Switserland, Taiwan, Suid-Korea en andere (Time, 1987a en b). Sommige maatreëls is baie drasties; die Reagan administrasie het onlangs planne aangekondig om 100 persent *ad valorem* tariewe op 'n wye reeks produkte uit Japan te hef (Time, 1987b). Hierdie toename in beperkings op handelsvryheid hou nie noodwendig verband met dumping *per se* nie, maar vind sy oorsprong in die ongelyke handelsbalans en het dus 'n sterk politiese kleur. Die beperkende maatreëls is vanselfsprekend ook nie eensydig nie; geaffekteerde lande reageer in die reël vinnig met vergeldingsmaatreëls.

Dit is teen dié agtergrond van toenemende beskerming in die Westerse handel dat onlangse beperkings op misstofinvoere vanuit hoofsaaklik Oosbloklande gesien moet word. Tabel 1 gee 'n oorsig van onlangse aansoeke om tariewe, of implementering van tariewe en kwotas in die wêreldkunsmishandel.

Uit Tabel 1 kan gesien word dat Oosbloklande, die Sowjet-Unie en ontwikkelende lande in die meerderheid gevalle betrokke is by aansoeke om teen-dumping maatreëls. Dit is baie moeilik om aansprake op dumping te bewys, veral as die produk afkomstig is van agter die ystergordyn. So 'n ondersoek neem gewoonlik heelwat tyd in beslag en neem in die meeste gevalle eers 'n aanvang *nadat* dumping plaasgevind het. Ten einde die probleme met betrekking tot geheimhouding oor produksie en bemarking in Oosbloklande te oorkom, het die aansoekers in die VSA en EEG-lande gebruik gemaak van surrogaatlande (Tabel 1). In die VSA het die Departement van Handel beslis dat 'n *kontantdeposito* gelykstaande aan 'n dumpingmarge deur die invoerder betaal moet word, hangende 'n finale beslissing deur die owerheid.

Hierdie kontantdeposito's beloop $43,80/ton in die geval van invoere uit die Sowjet-Unie en $66,12/ton uit Oos-Duitsland (Tabel 2) en is terugwerkend van aard.

Hierdie maatreëls het tot gevolg gehad dat invoere na die VSA uit dié lande opgedroog het. 'n Moontlike tekortkoming van maatreëls van hierdie aard, wat gemik is teen gespesifiseerde lande, is dat dit nie dumping vanuit ander lande (bv Bulgarye) in die interim periode geheel en al uitsluit nie.

In die geval van CMC Engrais se aansoek namens die Europese kunsmisbedryf om terugwerkende tariewe (Fertilizer Industry, 1987c), moet die EG-Kommissie eers 'n besluit neem oor die instelling van interimtariewe. Indien laasgenoemde toegepas sou word, sou dit vir 'n periode van ses maande geld. In hierdie tyd moet die kommissie 'n besluit neem oor die instelling van 'permanente' tariewe ('definitive duties'). Die kommissie is ook by magte om terugwerkende tariewe in te stel op invoere wat plaasgevind het tot drie maande voordat interimtariewe van krag geword het (Fertilizer International, 1987c).

Fisiese invoerkwotas as 'n tydelike beheermaatreël teen gespesifiseerde lande het baie beperkings. Dit verg eerstens 'n mate van toesig ('policing'), aangesien lande waarop beperkings geplaas word dit tegnies kan omseil deur uitvoere te kanaliseer deur 'n ander EG-land. Bogenoemde beperkings en tekortkominge ten spyt, is dit nietemin duidelik dat 'n gewaarwording oor ontwrigtende praktyke besig is om oor die wêreld pos te vat en dat dit 'n nuwe era van verskerpte beskermingsmaatreëls in meeste Westerse lande kan inlei (Fertilizer Focus, 1987).

Tariefbeskerming op misstowwe in Suid-Afrika

Owerheidsbeleid

Die regering se beleid jeens beskerming van plaaslike nywerhede is in onlangse beleidstukke uiteengesit (Board of Trade and Industries, 1980; Raad van Handel en Nywerheid, 1986): Hieruit is dit duidelik dat (a) doeanetariewe die primêre instrument is waardeur industriële ontwikkeling in die toekoms aangemoedig sal word, en (b) dat die plaaslike nywerheid nie langer op kwantitatiewe invoerbeheer as 'n vorm van beskerming kan staatmaak nie. Die owerheid se beskermingsbeleid is een van matige en selektiewe doeanetariefbeskerming. Matig, ten einde nie die ekonomie te belas met kostestrukture wat toekomstige ontwikkeling kan beperk nie; en selektief ten einde die mees effektiewe gebruik van die land se hulpbronne te verseker. Om uitvoering aan dié beleid te gee, gebruik die owerheid die twee elemente van tariewe nl *ad valorem* tariewe as instrument teen normale mededinging, en formuleregte as instrument teen ontwrigtende mededinging van oorsee.

In die RHN se verslag nr 2248 (1983) word die volgende kommentaar gelewer ten opsigte van die strategie wat in die toekoms gevolg sou word met tariefbeskerming op misstowwe:

TABEL 2. Kontantdeposito's betaalbaar deur invoerders van ureum in die VSA. (Fertilizer Int. 1987b)

Invoere uit	Geraamde VAB prys $/ton	Vrag tot by uitvoerhawe	Ex fabrieksprys	Dumping marge %	Kontantdeposito $/ton
Oos-Duitsland	65	19,12	45,88	144	66,12
Roemenië	65	14,69	50,31	54	27,02
Sowjet-unie	65	13,41	57,59	85	43,80

'Daar bestaan twee opsies of uitgangspunte nl (a) om te verseker dat die RSA ten volle selfversorgend en gevolglik nie onderhewig sal wees aan die drastiese skommelinge wat in wêreldpryse en beskikbaarheid plaasvind nie, of (b) om 'n nouer verband tussen binnelandse prys en wêreldprys te handhaaf.' Volgens die Raad se mening, 'moet meer aandag gegee word aan opsie (b) waardeur 'n mate van stabiliteit ingeboet sal moet word maar dat drastiese prysskommelinge getemper sal word deur 'n tariefbedeling wat die binnelandse pryse in verband bring met heersende pryse in ander lande.'

Die hersiening van tariewe op misstowwe, soos afgekondig in No R2645 van Staatskoerant No 8986 van 2 Desember 1983, en No R2257 van Staatskoerant No 10502 van 31 Oktober 1986 is dan ook 'n manifestasie van die belangrike klemverskuiwing in owerheidsbeleid.

Die afskaffing van *ad valorem* tariewe op misstowwe* is in ooreenstemming met die Raad se siening dat 'n beskerming teen normale mededinging van oorsee skynbaar nie meer nodig is nie. 'n Teen-dumping formulereg van 22,7c/kg min 100 persent op ureum is die enigste effektiewe beskerming waarop die plaaslike bedryf tans kan staatmaak. Hierdie reg is bepaal op grond van berekenings wat onder andere 'n R/$-wisselkoers van 0,39 aanvaar.

Vergelykende koste van plaaslikvervaardigde- en binnelandse gelande kunsmis

Vergelykende koste ten opsigte van ureum oor die afgelope drie jaar word in Figuur 3 geïllustreer.



FIG 3. Kwartaallikse skommeling in gelande binnelandse prys van ureum

* *'n Vyftien persent* ***ad valorem****reg bestaan nog op superfosfate maar is van weinig betekenis, aangesien superfosfate selde in ontwrigtende handelspraktyke betrokke is.*

Figuur 3 toon duidelik die uitermatige skommelinge waaraan die wêreldprys van ureum onderhewig was, teenoor 'n meer gelykmatige verloop van die binnelandse nettoverkoopprys van ureum. Wêreldprysveranderinge, soos gemanifesteer in gelande binnelandse prys, word natuurlik geaksentueer deur besonder sterk skommelinge in R/$-wisselkoers oor dieselfde periode. Tot en met die tweede kwartaal in 1984 het Oosblok- en VSA Golfpryse van ureum in 'n betreklike nou band beweeg. Sedertdien het ureumpryse uit die Oosbloklande egter aanmerklik skerper gedaal as dié van die VSA Golfstate. Hierdie prysdispariteit het aanleiding gegee tot klagtes van dumping teen die Oosbloklande en die instelling van verskerpte beskermingsmaatreëls in sommige invoerlande (Tabel 1). Laasgenoemde sal op sy beurt daartoe aanleiding gee dat Oosblok- en derdewêreldlande ander markte — waaronder ook die RSA — sal soek.

In Figuur 4 word dieselfde tendense vir gelande DAP (ex VSA Golfstate) en die plaaslikvervaardigde produk getoon.



FIG 4. Kwartaallikse skommeling in gelande binnelandse prys van DAP 1984 — 1986

Gelande- en binnelandse pryse het gedurende 1984, 1985 en die eerste twee kwartale van 1986 in noue verband beweeg, maar eersgenoemde het daarna skerp gedaal. VAB-pryse het gedaal van 'normale' prysvlakke van om en by $170/ton tot so laag as $125 per ton. Op grond hiervan het die Misstofvereniging namens sommige van sy lede aansoek gedoen om die instelling van 'n formulereg op DAP en MAP invoere. Australië het soortgelyke aansoeke onlangs goedgekeur en teendumping tariewe ingestel (Tabel 1). VAB-pryse van DAP het intussen aansienlik verstewig en is die gevaar van dumping tydelik afgeweer. Die toestand is egter redelik vloeibaar, veral gesien teen die agtergrond van die ingebruikneming van die massiewe fosfaatkompleks in Marokko later vanjaar.

Toereikenheid van die huidige tariefbedeling

In die RHN se verslag nr 2248 (1983) word aanbeveel dat geen vorm van tariefbeskerming op grondstowwe geregverdig kan word nie. Die Raad het egter ook aanbeveel dat 'n *ad valorem*reg, aangevul deur 'n formulereg, op vyf tariefposte ingestel word. Dié tariewe sou na twee jaar weer hersien word. Die hersiening is in 1986 voltooi en die aanbevelings vervat in die RHN verslag nr 2476 (1986). In dié verslag is 'n drastiese afskaling in die bestaande tariefstrukture aanbeveel, en soos reeds genoem is die formulereg op ureum die enigste oorblywende *effektiewe* beskermingsmaatreël. Of dié tariefbedeling beantwoord aan die Raad se verklaarde beskermingbeleid van 'matige' en 'selektiewe' tariewe (sien par (a)) is egter 'n ope vraag.

Wanneer onlangse tendense in ander lande beoordeel word, is dit baie duidelik dat toenemende beskerming aan die orde van die dag is. Ten spyte van die Reagan administrasie se verklaarde beleid van 'n vryer ekonomiese bestel, het beskermingsmaatreëls oor 'n wye front van handel betekenisvol toegeneem oor die afgelope drie tot vier jaar. Dieselfde neiging geld ook vir die kunsmishandel. Verskeie lande het onlangs beskermingsmaatreëls verskerp (Tabel 1). Hierteenoor is die Suid-Afrikaanse ekonomie, sover dit kunsmishandel met die buiteland betref, vryer as wat dit ooit sedert die tweede wêreldoorlog was. Die afleiding kan dus gemaak word dat Suid-Afrika se beskermingsbeleid uit pas is met dié van die VSA en ander lande.

Hoewel dit geredelik toegegee moet word dat die oprigting van tariefstrukture kan lei tot die kweek van 'n mentaliteit wat nie bevorderlik is vir effektiewe mededinging en kostebewustheid nie (Smith, 1986) is dit ewe waar dat die Suid-Afrikaanse kunsmisbedryf daarin geslaag het om 'n redelike pariteit tussen binnelandse gelande pryse en nettoverkooppryse van plaaslikvervaardigde produkte te handhaaf (Figure 3 en 4). Dat hierdie prysparíteit gehandhaaf kon word ten spyte van 'n hoë inflasiekoers spreek boekdele vir die pogings wat aangewend is om kostedoeltreffendheid in die bedryf te verhoog (Roux, 1986; Hartzenberg, 1986 en Thorpe, 1986).

In die lig van voorafgaande en ook op grond van 'n baie wesenlike gevaar van dumping in Suid-Afrika, behoort die Raad van Handel en Nywerheid dringend aandag te skenk aan die toereikenheid van die huidige tariefbedeling en die instelling van geskikte tydelike maatreël(s) om die gevaar van ontwrigtende praktyke betyds te bekamp.

Verwysings

BOARD OF TRADE AND INDUSTRIES, 1980. Guide to the policy and procedure relative to customs tariff protection and tariff relief. August.

FERTILIZER FOCUS, 1987. Wave of protectionism sweeps through Western economies. Vol. 4, No. 1, 8-9. February.

FERTILIZER INTERNATIONAL, 1987a. Urea trade — the inexorable rise of the Eastern Bloc. No. 244. February 12, 10-14.

FERTILIZER INTERNATIONAL, 1987b. Fertilizer free trade versus protectionism: the growth of import restrictions. No. 242. January 15, 15.

FERTILIZER INTERNATIONAL, 1987c. EEC studies retroactive duties. No. 244. February 12, 2.

FOOD AND AGRICULTURAL ORGANIZATION OF THE UNITED NATIONS, 1986. Current world fertilizer situation and outlook 1984/85-1990/91. Rome.

GREEFF, F.V.R., 1983. Die Suid-Afrikaanse Kunsmisbedryf: Struktuur, gedrag en prestasie. D.Comm.-proefskrif. Univ. van Pretoria.

HARTZENBERG, P., 1986. Productivity in the fertilizer industry: Ammonia Producers. *Fert. Soc. S. Afr. J. 1,* 15-19.

JAQUIR, L.L., 1986. Subsidies and state enterprises threaten US nitrogen fertilizer industry. *Fert. Focus Vol. 3, No. 8,* 8-10. September.

KOMITEE VAN ONDERSOEK NA DIE KUNSMISBEDRYFSTAK, 1981.

RAAD VAN HANDEL EN NYWERHEID, 1983. Doeanetariefbeskerming op misstowwe. Verslag No. 2248.

RAAD VAN HANDEL EN NYWERHEID, 1986. Hersiening van tariefbeskerming op sekere misstowwe. Verslag No. 2476.

ROUX, E.H., 1986. Productivity in the fertilizer industry: Phalaborwa phosphate rock. *Fert. Soc. S. Afr. J. 1,* 11-14.

SMITH, M., 1986. The future of trade barriers. *Fert. Focus. 3;* 9. 15-19. October.

STAATSKOERANT, 1983. No. 8986. Desember 2.

STAATSKOERANT, 1986. No. 10502. Oktober 31.

THORPE, C., 1986. Productivity in the fertilizer industry: Inorganic fertilizers. *Fert. Soc. S. Afr. J. 1,* 21-24.

TIME, 1987a. Locking it to imports. The administration gets tough with the trade deficit. February 9, 38-39.

TIME, 1987b. Fighting the trade tilt. The US fires protective tariffs at Japanese electronic products. April 6, 32-33.